Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2012

# AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2 MEMORANDUM

**PUNTE: 80**

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

## ALGEMEEN

1. Gebruik die rubrieke in die nuutste vraestelriglyne.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bylaag A:** | VRAAG 1 | - | Opstel |
| **Bylaag B:** | VRAAG 2.1 | - | Informele Brief |
| | VRAAG 2.2 | - | Dialoog |
| | VRAAG 2.3 | - | Resensie |
| | VRAAG 2.4 | - | Formele Brief - Klagte |
| **Bylaag C:** | VRAAG 3.1 | - | Aanwysings |
| | VRAAG 3.2 | - | Poskaart |
| | VRAAG 3.3 | - | Uitnodiging |

2. Bestudeer en bespreek die rubrieke deeglik. Let veral daarop dat beplanning by die rubriek ingesluit is.

3. As skryfstukke heeltemal uit die vraestel saamgeflans word/dele van opdragte net so oorgeskryf word, sal die skryfstuk nie logies opeenvolg nie en die leerder ontvang dan geen punte nie.
   Kommentaar sal wees: Geen eie werk nie/Saamgeflans.

4. As ŉ onderwerp misgetas word, word die leerder ook streng gepenaliseer as dit by inhoud en kommunikasie kom (ŉ baie lae punt). Taal kan normaal nagesien word..

5. As ŉ kandidaat die onderwerp heeltemal in Engels aanbied, ontvang die kandidaat geen punte nie.

6. As ŉ kandidaat die onderwerp hoofsaaklik in Engels aanbied, word net die Afrikaanse gedeelte/s gemerk. * Penalisering is dan volgens inhoud, taal, styl en lengte.

7. Simbole en punt(e) word regs onderaan die laaste bladsy van die skryfstuk neergeskryf en die groottotaal links bo-aan die begin van elke afdeling.

8. As ŉ kandidaat meer as een vraag per afdeling beantwoord het, word net die eerste vraag nagesien.

Maak gebruik van die volgende simbole/tekens by die nasien van die skryfwerk ter wille van eenvoud en eenvormigheid.

| SIMBOOL | BESKRYWING | VERDUIDELIKING |
|---|---|---|
| O | Sirkel | Spelfout/punktuasiefout |
| ___ | Kort strepie onder die woord | Foutiewe woord |
| _______ | Langer streep onder ŉ sin(s)gedeelte | Foutiewe sinskonstruksie/woordorde |
| ^ | weggelaatteken | Woord(e) weggelaat |
| T (in die kantlyn) | Hoofletter T | Tye verwar |
| ? (in die kantlyn) | Vraagteken/ kronkelstreep/ vierkanthakie | Onduidelik/ onverstaanbaar |
| hh (in die kantlyn) | Dubbel hh | Herhaling (van gedagtes) |
| VR | Vraestel | Dele net so uit vraestel oorgeskryf |

**NEERSKRYF VAN PUNTE**

1. Gebruik die korrekte rubriek vir elke tipe skryfstuk.

2. Assesseer die kandidaat se skryfstuk volgens die onderafdelings van die rubrieke.

3. Hou die **persentasies** by die kodes in gedagte. Dis ŉ hulpmiddel.

4. Skryf die punt volgens die rubriek só neer:

**AFDELING A**

| | Kode | Punt |
|---|---|---|
| IB | 5 | 17 |
| TSR | 5 | 4 |
| S | 5 | 3 |
| Totale punt | | 24 |

**AFDELING B en C**

| | Kode | Punt |
|---|---|---|
| IB | 5 | 9 |
| TSR | 5 | 4 |
| Totale punt | | 13 |

## AFDELING A: OPSTELSOORTE

### VERHALEND

Dis ŉ interessante vertelling van ŉ storie/gebeurtenis(se) (gewoonlik uit die verlede). Dit kan vanuit enige perspektief geskryf word.

- inleiding moet treffend wees.
- dit moet ŉ sterk storielyn hê.
- uitbeelding van karakters is geloofwaardig.
- die leser se belangstelling moet deurgaans behou word.
- ŉ buitengewone/treffende slot rond dit finaal af.
- kohesie (kousale verband tussen gebeure) is belangrik.
- daar is ŉ chronologiese opbou tot by die hoofmoment en dan volg daar ŉ afloop van gebeure.

### BESKRYWEND

Die skrywer beskryf iets/iemand soos hy/sy dit ervaar (dis moeilik om iets te beskryf wat nie eerstehands ervaar is nie) en stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word, net so lewendig soos hy/sy te beleef.

- inleiding moet treffend wees.
- dit kan enige atmosfeer hê, maar kan ook saaklik wees.
- behoort ŉ prentjie met woorde te teken.
- gebruik interessante en beskrywende woorde.
- woorde en uitdrukkings moet versigtig gekies word om die gewenste effek te kry.
- gebruik sintuiglike waarnemings soos jy dit sien, hoor, ruik, voel en proe.
- gebruik idiome, uitdrukkings en spreekwoorde op ŉ oorspronklike manier.
- kohesie (kousale verband tussen gebeure) is belangrik.
- ŉ buitengewone/treffende slot rond dit finaal af.

### ONTLEDING VAN MOONLIKE OPSTELTIPES PER VRAAG

- Die vrae is só geformuleer en die prente só gekies dat ŉ persoonlike inkleding van die gekose onderwerp/prent van die kandidaat verwag word.
- Die opstel wat geskryf word, kan dus enige een van die twee tipes opstelle wees soos hierbo uiteengesit. Verskillende kognitiewe vlakke, persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.

| VRAAG | VERHALEND | DENKVLAK | BESKRYWEND | DENKVLAK |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | √ | 2 | | |
| 1.2 | √ | 1 | | |
| 1.3 | | | √ | 2 |
| 1.4 | | | √ | 1 |
| 1.5 | √ | 2 | √ | 2 |
| 1.6 | √ | 1 | √ | 2 |
| 1.7 | √ | 2 | √ | 3 |
| 1.8 | √ | 2 | √ | 3 |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2.1

### INFORMELE BRIEF

### INHOUD

- Dis ʼn brief waarin jy pynlike/slegte herinneringe met ʼn vriend deel.
- Verskaf die nodige inligting t.o.v. die gebeurtenisse.
- Die taalgebruik en styl is gemaklike kommunikasie/gemoedelik/in ʼn geselstrant.
- Die slotsin kan die skrywer se hoop vervat dat die vriend ook sekere dinge onthou

### FORMAAT

- Die adres word regs bo geskryf.
- Die datum word voluit geskryf.
- Die aanhef word teen die linkerkantlyn geskryf en is informeel.
- Die inleidingsparagraaf spreek die onderwerp aan.
- ʼn Reël word tussen die paragrawe oopgelaat.
- “Groete” word as ʼn aparte paragraaf hanteer.
- Die slot is: Jou maat/Jou vriend(-in).
- Die naam van die skrywer/skryfster.
- Daar is geen punktuasie in die adres, aanhef of slot nie.

Voorbeelde van die adres: By straatname kan die eienaam- en soortnaamkomponente los, vas of met ʼn koppelteken geskryf word.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Posbus 123<br>Pleknaam<br>Kode | Huis 345<br>Pleknaam<br>Kode | Plot 678<br>Pleknaam<br>Kode | Eikehof<br>Pleknaam<br>Kode |

| | | |
|---|---|---|
| Hoof S/straat 1<br>Voorstad/Uitbreiding<br>Stad/Dorp<br>Kode | Hoof-straat 1<br>Voorstad/Uitbreiding<br>Stad/Dorp<br>Kode | Hoofstraat 1<br>Voorstad/Uitbreiding<br>Stad/Dorp<br>Kode |

Geen Engels, behalwe amptelike Engelse name, bv. Mandela Square, word aanvaar nie. Die woord straat mag los geskryf word, bv. Wessels Straat/straat.

## VRAAG 2.2: DIALOOG

### INHOUD

- Waar gaan hierdie “rave” plaasvind?
- Wanneer gaan dit plaasvind?
- Waarom sou dit goed wees as die vriend saamgaan?

### FORMAAT

- Vorm van dialoog
- Die sprekers se name staan teen die kantlyn.
- Daar is ŉ dubbelpunt na die naam.
- Daar word geen aanhalingstekens gebruik nie.
- ŉ Reël word oopgelaat na elke spreekbeurt.
- Ekstra inligting word in hakies geskryf.

## VRAAG 2.3: RESENSIE

### INHOUD

- Moet die naam van die kortverhaal, die skrywer en karakters bevat.
- Die inligting is logies, samehangend en stel die feite vanuit ŉ persoonlike ervaring.
- Die inleiding is oorspronklik en lei reeds die onderwerp in.
- Die inhoud lewer kommentaar nadat die kortverhaal self gelees is.
- Die taalgebruik en styl is ŉ gemaklike/gemoedelike geselstrant.

### FORMAAT

- Enige formaat: dit kan as een paragraaf aangebied word met ŉ inleidende en ŉ slotsin óf meer paragrawe, wat ŉ inleidende en ŉ slotparagraaf het.
- Die afsluiting van die resensie is oortuigend en rond die bevindinge/mening en kommentaar af.

## VRAAG 2.4: FORMELE BRIEF − KLAGTE

### INHOUD

- Die brief hanteer die inhoud op 'n meer formele vlak.
- Die inleidingsparagraaf sluit by die inhoud van die formele brief aan.
- Die taalgebruik en styl is formeel en saaklik.
- Die uiteensetting van inligting is logies en samehangend.

### FORMAAT

- Die adres van die skrywer is regs bo geskryf.
- Die datum is voluit geskryf.
- Rig die brief aan die bestuurder/eienaar.
- Die adres van die besigheid is teen die kantlyn links bo geskryf.
- Laat 'n reël oop tussen die twee adresse.
- Laat 'n reël oop na die tweede adres.
- Die aanhef is teen die linkerkantlyn geskryf en is formeel (Geagte Heer/Mnr. Human).
- Laat 'n reël oop voordat die onderwerp geskryf word (KLAGTE OMTRENT...).
- 'n Reël word tussen die paragrawe oopgelaat.
- Die regte naam van die skrywer vorm die slot.
- Daar is geen punktuasie in die adres, aanhef of slot nie.

### ONTLEDING VAN LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

Die vrae is só geformuleer dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp van die kandidaat verwag word. Verskillende kognitiewe vlakke, persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.

| VRAAG | SOORT SKRYFSTUK | DENKVLAK |
|---|---|---|
| 2.1 | Informele brief | 1 |
| 2.2 | Dialoog | 2 |
| 2.3 | Resensie | 2 |
| 2.4 | Formele brief | 3 |

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORTER TEKSTE: TRANSAKSIONELE/NASLAAN-/ INFORMATIEWE TEKSTE

### VRAAG 3.1: AANWYSINGS

**INHOUD**

- Aanwysings moet in volsinne geskryf word.
- Gewoonlik bevelsinne.
- Prakties en ondubbelsinnig
- Die taalgebruik is gemaklike kommunikasie in ŉ redelike formele trant.

**FORMAAT**

- Aanwysings moet puntsgewys en onder mekaar neergeskryf word.
- Stappe moet logies op mekaar volg.

### VRAAG 3.2: POSKAART

**INHOUD**

- Die inleidingsin is oorspronklik en lei reeds die onderwerp in.
- Inligting moet kort en bondig wees.
- Die taalgebruik en styl is gemaklike kommunikasie/gemoedelik/in ŉ informele geselstrant.
- Die volgende inligting behoort op die poskaart te wees: wie die jeuggroep is, die plek, waarom dit so lekker is.

**FORMAAT**

- Die nuus/boodskap word in die linkerhelfte van die poskaart geskryf.
- Daar is geen eie adres nie, maar wel ŉ datum.
- Daar is ŉ aanhef en ŉ slot, maar geen reëls word oopgelaat nie.
- Paragrafering is opsioneel.
- Die ontvanger se naam en adres word aan die regterkant geskryf.

### VRAAG 3.3: UITNODIGING

**INHOUD**

- Gee die besonderhede/detail oor die partytjie op ŉ gepaste manier.
- Inligting moet kort en bondig wees.
- Die taalgebruik en styl is gemaklike kommunikasie/gemoedelik/in ŉ informele geselstrant.

**FORMAAT**

- Enige formaat.
- Die volgende inligting moet in die uitnodiging wees: wie word uitgenooi, die datum, tyd en plek van die partytjie, wat die tema is, tipe kleredrag, watter aktiwiteite daar sal wees en enige ander toepaslike inligting.
- Belangrike inligting moet goed geposisioneer wees.

**ONTLEDING VAN LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE**

Die vrae is só geformuleer dat ŉ persoonlike inkleding van die gekose onderwerp van die kandidaat verwag word. Verskillende kognitiewe vlakke, persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.

| VRAAG | SOORT SKRYFSTUK | DENKVLAK |
|---|---|---|
| 3.1 | Aanwysings | 2 |
| 3.2 | Poskaart | 2 |
| 3.3 | Uitnodiging | 2 |

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 80**

## OPSOMMING VAN VRAE VAN VRAESTEL 2: SEPTEMBER 2012

### SKRYF

**LU 3:** Die leerder is in staat om vir 'n wye verskeidenheid doeleindes en teikengroepe te skryf en aan te bied deur konvensies en verskillende kontekste te gebruik.

**AS:**

- Beplan volgens doel, teikengroep en konteks.
- Toon gebruik van skryfstrategieë.
- Dink na oor, ontleed en evalueer, met inagneming van ander se sienings, eie werk en bied die finale produk aan.

| **AFDELING A** | **OPSTEL** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VRAAG 1** | | **ONDERWERP** | **AANBIEDING** | **UITDAGING** | **VLAK 1** | **VLAK 2** | **VLAK 3** |
| 1.1 | Verhalend | 2 | 1 | 1 | | x | |
| 1.2 | Verhalend | 1 | 1 | 1 | x | | |
| 1.3 | Beskrywend | 2 | 2 | 2 | | x | |
| 1.4 | Beskrywend | 2 | 2 | 2 | x | | |
| 1.5 | Verhalend/Beskrywend | 1 | 1 | | | x | |
| 1.6 | Verhalend/Beskrywend | 1/2 | 1 | 1 | x | | |
| 1.7 | Verhalend/Beskrywend | 1/2 | 1 | 1 | | x | |
| 1.8 | Verhalend/Beskrywend | 2 | 2 | 1/2 | | x | |
| **AFDELING B** | | | | | | | |
| **VRAAG 2** | **LANGER TRANSAKSIONELE TEKS** | | | | | | |
| 2.1 | Informele Brief | 1 | 1 | 1 | x | | |
| 2.2 | Dialoog | 1 | 2 | 2 | | x | |
| 2.3 | Resensie | 2 | 2 | 2 | | x | |
| 2.4 | Formele Brief (Klagte) | 2 | 3 | 2 | | | x |
| **AFDELING C** | **KORTER TRANSAKSIONELE TEKS** | | | | | | |
| **VRAAG 3** | | | | | | | |
| 3.1 | Aanwysings | 1 | 2 | 1 | | x | |
| 3.2 | Poskaart | 1 | 2 | 1 | | x | |
| 3.3 | Uitnodiging | 1 | 2 | 1 | | x | |

Signing off 27-7-2012

## AFDELING A: OPSTEL - TWEEDE ADDISIONELE TAAL

| 40 PUNTE | KODE 7 Uitstaande 80-100% | KODE 6 Verdienstelik 70-79% | KODE 5 Beduidend 60-69% | KODE 4 Voldoende 50-59% | KODE 3 Matig 40-49% | KODE 2 Basies 30-39% | KODE 1 Ontoereikend 0-29% |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD EN BEPLANNING**<br>**28 PUNTE** | **22½-28**<br>-Inhoud is treffende, begrip van onderwerp.<br>-Idees uitdagend en volwasse.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot gepaste opstel. | **20-22**<br>-Deeglike interpretasie van onderwerp.<br>-Idees interessant en verbeeldingryk.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot redelike, gepaste opstel. | **17-19½**<br>-Goeie interpretasie van onderwerp.<br>-Idees interessant en oortuigend.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n redelike, gepaste opstel | **14-16½**<br>-Voldoende interpretasie van onderwerp.<br>-Idees gewoon en diepte ontbreek.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n aanvaarbare opstel vir TAT | **11½-13½**<br>-Gewoon met leemtes in samehang.<br>-Idees meestal relevant, herhalend.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot gemiddelde, koherente en verstaanbare opstel. | **8½-11**<br>-Inhoud dikwels onverstaanbaar. Gebrek aan samehang.<br>-Idees is min en dikwels herhalend.<br>-Onvoldoende beplanning en/of eerste poging. Opstel nie goed aangebied nie. | **0-8**<br>-Inhoud nie ter sake nie. Geen samehang nie.<br>-Idees verwarrend.<br>-Beplanning en/of eerste poging ontbreek heeltemal. Swak opstel. |
| **TAAL, STYL EN REDIGERING**<br>**7 PUNTE** | **6-7**<br>-Toon kritiese taalbewustheid.<br>-Effektiewe gebruik van taal en punktuasie.<br>-Maak van figuurlike taal gebruik.<br>-Woordkeuse is toepaslik/uitmuntend.<br>-Styl gee akkurate weergawe van onderwerp d.m.v. woordkeuse.<br>-Opstel feitlik foutloos na proeflees en redigering. | **5**<br>-Enkele tekens van kritiese taalbewustheid.<br>-Taal en punktuasie redelik onder beheer, kan figuurlike taal gebruik.<br>-Woordkeuse meestal geskik.<br>-Styl gee geskikte weergawe van onderwerp d.m.v. woordkeuse.<br>-Opstel meestal foutloos na proeflees en redigering. | **4½**<br>-Beperkte bewyse van kritiese taalbewustheid<br>-Taal en punktuasie: meestal korrek.<br>-Woordkeuse is redelik beperk, maar gepas vir opstel.<br>-Styl redelik toepaslik en voldoen aan vereistes vir onderwerp.<br>-Redelik foutloos na proeflees en redigering. | **3½-4**<br>-'n Aanduiding van kritiese taalbewustheid<br>-Taal baie eenvoudig en punktuasie voldoende.<br>-Woordkeuse effens beperk, maar voldoende vir onderwerp.<br>-Styl bietjie in ooreenstemming met vereistes vir die onderwerp.<br>-Opstel het steeds foute na proeflees en redigering. | **3**<br>-Taal beperk en punktuasie dikwels foutiewelik gebruik.<br>-Woordkeuse basies en beperk.<br>-Styl toon gebrek aan samehang en nie geskik vir onderwerp.<br>-Opstel het steeds baie foute na proeflees en redigering. | **2½**<br>-Gebrekkige taal en punktuasie.<br>-Woordkeuse baie beperk.<br>-Styl pas nie by onderwerp nie.<br>-Opstel is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering. | **0-2**<br>-Ernstige gebrek aan taal en punktuasie.<br>-Woordkeuse is verwarrend.<br>-Styl gebrekkig in alle opsigte.<br>-Opstel is besaai met foute en verwarrend t.s.v. proeflees en redigering. |
| **STRUKTUUR**<br>**5 PUNTE** | **4-5**<br>-Ontwikkeling van onderwerp samehangend met verbeeldingryke detail.<br>-Sinne en paragrawe samehangend saamgestel, dra betekenis goed oor.<br>-Lengte is korrek. | **3½**<br>-Ontwikkeling van onderwerp logies. Koherent.<br>-Sinne en paragrawe geskik saamgestel, betekenis is duidelik.<br>-Lengte is korrek. | **3**<br>-Ontwikkeling van net 'n paar relevante details.<br>-Sinne en paragrafering redelik saamgestel, betekenis is duidelik.<br>-Lengte is korrek. | **2½**<br>-Onderwerp bevat sommige idees; noodsaaklike detail egter ingesluit.<br>-Sinne en paragrawe het leemtes, maar betekenis is duidelik.<br>-Lengte is amper korrek. | **2**<br>-Daar is bewys van ontwikkeling van sommige noodsaaklike idees.<br>-Sinne en paragrawe foutief, maar betekenis is duidelik.<br>-Lengte is te kort/te lank. | **1½**<br>-Dwaal soms van die onderwerp af. Algemene gedagtegang moeilik om te volg.<br>-Sinskonstruksie en paragrafering baie elementêr saamgestel.<br>-Lengte is te kort/te lank. | **0-1**<br>-Afgedwaal van die onderwerp.<br>-Sinskonstruksie en paragrafering: deurmekaar en ondeurdag.<br>-Lengte is heeltemal te kort/te lank. |

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS - TWEEDE ADDISIONELE TAAL

| 20 PUNTE | KODE 7 Uitstaande 80-100% | KODE 6 Verdienstelik 70-79% | KODE 5 Beduidend 60-69% | KODE 4 Voldoende 50-59% | KODE 3 Matige 40-49% | KODE 2 Basies 30-39% | KODE 1 Ontoereikend 0-29% |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD, EN BEPLANNING EN FORMAAT.**<br><br>**14 PUNTE** | **11½-14**<br>-Baie goeie kennis van vereiste van teks.<br>-Behou deurgaans fokus op onderwerp, geen afwykings nie.<br>-Inhoud en idees koherent, alle detail ondersteun die onderwerp.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n baie gepaste teks.<br>-Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ uitmuntend. | **10-11**<br>-Goeie kennis van vereistes van teks.<br>-Behou fokus; byna geen afwykings nie.<br>-Inhoud en idees redelik samehangend alle details ondersteun die onderwerp.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n redelike, gepaste en koherente teks.<br>-Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ verdienstelik. | **8½-9½**<br>-Redelike kennis van vereistes van teks.<br>-Behou fokus; onbenullige afwykings.<br>-Inhoud en idees samehangend.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n redelike gepaste en koherente teks.<br>-Die meeste van die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ beduidend. | **7-8**<br>-Voldoende kennis van vereistes van teks.<br>-Inhoud wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die oorhoofse betekenis nie.<br>-Inhoud en idees voldoende koherent, sommige van die detail ondersteun die onderwerp.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende teks vir TAT.<br>-Die meeste van die nodige reëls vir die formaat is voldoende toegepas. | **6-6½**<br>-'n Gemiddelde kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon oppervlakkige fokus.<br>-Wyk af van onderwerp, betekenis is plek-plek vaag.<br>-Inhoud en idees gemiddeld koherent, basiese detail ondersteun die onderwerp.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot gemiddelde/redelike, verstaanbare teks vir TAT.<br>-Kennis van die nodige reëls vir die formaat is gemiddeld, kritiese, nalatige foute is gemaak. | **4½-5½**<br>-'n Elementêre kennis van vereistes teks. Respons op geskrewe teks toon 'n beperkte fokus.<br>-Inhoud wyk af van onderwerp betekenis is plek-plek verwarrend.<br>-Inhoud en idees omtrent nie koherent min detail ondersteun die onderwerp.<br>-Beplanning en/of eerste poging gebrekkig, teks nie goed aangebied nie.<br>-Kennis van die nodige reëls vir die formaat is vaag. | **0-4**<br>-Geen kennis van vereistes van teks nie. Respons op teks toon baie beperkte fokus.<br>-Inhoud wyk af van onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend.<br>-Inhoud en idees is nie koherent, te min detail ondersteun die onderwerp.<br>-Beplanning en/of eerste poging nie gedoen nie. Swak aanbieding van teks.<br>-Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie, ontoereikend. |
| **TAAL, STYL EN REDIGERING**<br><br>**6 PUNTE** | **5-6**<br>-Al die nodige reëls van formaat is toegepas.<br>-Teks is meestal grammatikaal akkuraat; en goed saamgestel.<br>-Woordeskat meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>-Styl meestal toepaslik.<br>-Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering.<br>-Lengte is korrek. | **4½**<br>-Goed saamgestel en redelik akkuraat.<br>-Woordeskat is redelik toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>-Styl meestal toepaslik.<br>-Teks oorwegend foutloos na proeflees en redigering.<br>-Lengte is korrek. | **4**<br>-Goed saamgestel en redelik akkuraat<br>-Woordeskat is redelik toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>-Styl redelik toepaslik.<br>-Teks redelik foutloos na proeflees en redigering.<br>-Lengte is korrek. | **3-3½**<br>-Voldoende saamgestel. Foute belemmer nie vloei.<br>-Woordeskat is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>-Styl redelik voldoende.<br>-Teks het steeds redelike hoeveelheid foute na proeflees en redigering.<br>-Lengte is amper korrek. | **2½**<br>-Basies saamgestel. Verskeie foute.<br>-Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>-Styl toon gebreke.<br>-Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering.<br>-Lengte is te kort/te lank. | **2**<br>-Swak en moeilik om te volg.<br>-Woordeskat benodig remediëring en is nie geskik vir doel van teks, gehoor en konteks nie.<br>-Styl amper nie geskik vir onderwerp.<br>-Teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering.<br>-Lengte is te kort/te lank. | **0-1½**<br>-Teks is swak saamgestel en baie moeilik om te volg.<br>-Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks.<br>-Styl pas nie by onderwerp nie.<br>-Opstel is besaai met foute en verward ten spyte van proeflees en redigering.<br>-Lengte is heeltemal te kort/te lank. |

## AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS - TWEEDE ADDISIONELE TAAL

| 20 PUNTE | KODE 7 Uitstaande 80-100% | KODE 6 Verdienstelik 70-79% | KODE 5 Beduidend 60-69% | KODE 4 Voldoende 50-59% | KODE 3 Matige 40-49% | KODE 2 Basies 30-39% | KODE 1 Ontoereikend 0-29% |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT**<br><br>**14 PUNTE** | **11½-14**<br>-Baie goeie kennis van vereistes van teks.<br>-Behou deurgaans fokus; geen afwykings.<br>-Inhoud en idees koherent, het detail wat onderwerp ondersteun.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n baie gepaste teks.<br>-Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ Uitmuntend. | **10-11**<br>-Goeie kennis van vereistes van teks.<br>-Behou fokus, byna geen afwykings nie.<br>-Inhoud en idees koherent, detail ondersteun die onderwerp.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n redelik saamgestelde, koherente en gepaste teks.<br>-Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ Verdienstelik. | **8½-9½**<br>-Redelike kennis van vereistes van teks.<br>-Behou fokus; onbenullige afwykings.<br>-Inhoud en idees redelik koherent, Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gepaste, koherente teks.<br>-Meeste van die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ Beduidend. | **7-8**<br>-Voldoende kennis van vereistes van teks.<br>-Inhoud wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die betekenis nie.<br>-Inhoud en idees voldoende koherent, sommige detail ondersteun die onderwerp.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot bevredigende teks vir TAT.<br>-Kennis van die nodige reëls vir die formaat is voldoende. | **6-6½**<br>-Gemiddelde kennis van vereistes teks. Respons op geskrewe teks toon beperkte fokus.<br>-Inhoud wyk af van onderwerp, betekenis is plek-plek vaag.<br>-Inhoud en idees gemiddeld, koherent, basiese detail ondersteun die onderwerp.<br>-Beplanning en/of eerste poging: lei tot 'n gemiddelde/ redelike, verstaanbare teks vir TAT.<br>-Kennis van die nodige reëls vir die formaat is gemiddeld. Kritiese, nalatige foute is begaan. | **4½-5½**<br>-Elementêre kennis van vereistes teks. Respons op geskrewe teks toon beperkte fokus.<br>-Inhoud wyk af van onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend.<br>-Inhoud en idees min koherent; min detail ondersteun die onderwerp.<br>-Beplanning en/of eerste poging gebrekkig. Teks nie goed aangebied nie.<br>-Kennis van die nodige reëls vir die formaat is vaag/basies. | **0-4**<br>Geen kennis van vereistes van teks nie. Respons op teks toon baie beperkte fokus.<br>-Inhoud wyk af van onderwerp, betekenis is verwarrend.<br>-Inhoud en idees nie koherent nie, baie min detail ondersteun die onderwerp.<br>-Beplanning en/of eerste poging nie gedoen nie. Swak aanbieding van teks.<br>-Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie/ ontoereikend. |
| **TAAL, STYL EN REDIGERING**<br><br>**6 PUNTE** | **5-6**<br>-Grammatikaal akkuraat en goed saamgestel.<br>-Woordeskat is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>-Styl meestal toepaslik.<br>-Teks grootliks foutloos na proeflees en redigering.<br>-Lengte is korrek. | **4½**<br>-Goed saamgestel en akkuraat.<br>-Woordeskat is redelik toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>-Styl meestal toepaslik.<br>-Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering.<br>-Lengte is korrek. | **4**<br>-Goed saamgestel en redelik akkuraat.<br>-Woordeskat redelik toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>-Styl redelik toepaslik.<br>-Teks redelik foutloos na proeflees en redigering.<br>-Lengte is korrek. | **3-3½**<br>-Voldoende saamgestel foute belemmer nie vloei van teks.<br>-Woordeskat is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>-Styl redelik voldoende.<br>-Teks het steeds foute na proeflees en redigering.<br>-Lengte is amper Korrek. | **2½**<br>-Basies saamgestel. Verskeie foute.<br>-Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel, gehoor en konteks.<br>-Styl toon gebreke.<br>-Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering.<br>-Lengte is te kort/te lank. | **2**<br>-Swak en moeilik om te volg.<br>-Woordeskat benodig remediëring en is nie geskik vir doel, gehoor en konteks nie.<br>-Styl amper nie geskik vir onderwerp nie.<br>-Teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering.<br>-Lengte is te kort/te lank. | **0-1½**<br>-Swak saamgestel en verwarrend.<br>-Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks.<br>-Styl pas nie by onderwerp nie.<br>-Opstel is besaai met foute en verward ten spyte van proeflees en redigering.<br>-Lengte is heeltemal te kort/te lank. |